

5de Jrg.

Kaapstad, Woensdag, 19 Des. 1945.

No. 6.

## Kommandant-Generaal Se Boodskap

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, rig onderstaande Nuwejaarsboodskap tot die Ossewabrandwag:

In die eerste plaas wil ek Die O.B. gelukwens met sy vordering as weekblad; met die gehalte van sy stof en met die uitbreiding van sy formaat. Dit is en bly die belangrikste publikasie-midel wat ons het, en dit betaam elkeen van ons om die blad te sterk en te steun.

Aan die Beweging as geheel wil ek hierdie kort woord spreek: Ses jaar lank het u 'n taaie, ongeëwenaard taaie, Afrikanerstryd gestry. U het dit deur oorlogsvervolging gedoen ten spyte van elke hindernis en belastering wat die vyand van twee kante af in u pad kon rol. Die buitengewone magte waaroor hy met oorlogsgeld en oorlogsregulasiës beskik het, raak nou in die agtergrond en die stryd word voortaan minder ongelyk.

Die Ossewabrandwag gaan die vredestryd in met 'n meer elastiese struktuur as wat in die oorlogsjare die geval was. Die gevare is minder en, dit wil ek hoop, die stryd minder swaar. As elkeen sy man staan, gaan ons wen.

Met dank vir die moed en trou en kameraadschap van die oorlogsjare,

U

Hans van Rensburg.

## PERMIT GEKRY VIR KLERASIE NA EUROPA

'n Uitvoerpermit vir die versending van klerasie na noodlydendes in Europa is deur die Unie-regering toegestaan, na genle. mev. J. S. du Toit Die O.B. namens die Kaaplandse komitee vir hulp-


of te herstel nie. Skoene moet asseblief nie deurgeloop wees nie, maar van halfsole voorseen wees aangesien daar geen kans op herstel in Duitsland is nie.

'n Dringende beroep word nogmaals op alle lede van die Ossewabrandwag gedoen om

dadelik klerasie te stuur sodat dit met die eerste beskikbare skepe versend kan word. Alles moet na mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad, geadresseer word.

Die komitee het reëlings getref om ook in die Kersweek voort te gaan met die verpakking van die klerasie.

Die Boerejeng het die afgelope week 'n groot inktrekking op Franschhoek gehou. In die boonste deel van die foto staan die groep kinders met hul offisiere. Onder geset hulle 'n bietjie rus onder die skaduryke bome. (Sluit berig op bladsy 2).



verlening meegegee het.

Genle. Du Toit verklaar dat die komitee ook in verbinding gekom het met die komitee in Engeland wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die deursending van die goedere na die Vasteland. Met die oog daarop word 'n dringende beroep gedoen op almal wat wil bydra om dit so gev moontlik te doen sodat hulp nog tydens die Europese winter verleen kan word. Daar kan natuurlik gemeld word vir watter land die goed bestem is — Duitsland, België of Frankryk.

Dit geld nie net kinderklike nie, maar ook klere vir mans en vroue. Die goed moet egter skoon en in goeie toestand wees, aangesien die komitee nie die geriewe het om dit te was

## Rusland Gaan Sy Sin Kry In Iran

Soos sake tans staan lyk dit soos Rusland sy sin gaan kry in Iran ten koste van Iraniese soewereiniteit en Brits-Amerikaanse prestige.

Die Iraniese regering vrees dat die konferensie van buitelandse ministers wat in Moskou gehou word „nog 'n München“ kan word as die knie voor Rusland gebuig word en 'n kompromis oor Iran se soewereiniteit gesecuted word.

In die Iraniese parlement heers 'n pessimistiese stemming. 'n Lid het verklaar dat die provinsie Azerbaijan (Noord-Iran) sonder twyfel vir Iran verlore is. Die goewerneur van die provinsie word nie langer as sedanig deur die „rebelle“ erken nie, maar as Iraniese ambassadeur in die Republiek van Azerbaijan.

Dit is aangekondig dat die

Iraniese eerste minister, Hakimi en die buitelandse minister Janin na Moskou sal gaan om met die Russiese regering oor die posisie in Noord-Iran te onderhandel.

Die Britse buitelandse minister, Bevin, het verklaar dat sy regering met die Russiese regering oor die kwessie van Noord-Iran in verbinding is. In die tussentyd bly Britse troepe in Iran.

Die jongste stap van die Iraniese regering was om die V.S.A., Brittanje en Rusland te versoek om hulle troepe uit die land te verwijder.

Die Ossewabrandwag weier om in sy mede-Afrikaner 'n vyand te sien.

## ,BRITTANJE SE GROOTSTE EKONOMIESE NEDERLAAG'

Hugh Dalton, Britse minister van finansies, het in die Britse Laerhuis voorgestel dat die leningsooreenkoms met die V.S.A. aanvaar word. Hoewel die ooreenkoms ver tekortskei aan die verwagtings wat Brittanje gekoester het, het ons geen ander alternatief as om dit maar te aanvaar nie, het Dalton gesê. Die wanhoopstemming van die debat het toegeneem met die openstapeling van lede se jeremiades oor hul bittere teleurstelling met die leningsbepalings, wat nooddgedwonge gesluk moet word.

Dalton se voorstel is met 'n groot meerderheid aangenem.

„Hierdie groot vrag skuld wat ons uit die oorlog saambring is 'n vreemde beloning vir alles wat ons in hierdie land vir die gemeenskaplike saak gely het,“ verklaar Dalton. Voorts sê hy: „Boonop is daar geen nuwe reële bate, geen nuwe rykdom wat ons teenoor hierdie uitgawes kan verrekken nie — as net behalwe die kale feit van ons oorwinning“.

Die verwering van die ooreenkoms, het Dalton beduid, sal beteken die beëindiging van alle samewerking tussen Brittanje en die Verenigde State „in hierdie uiterst gevarelike nuwe wêreld waarin ons beweeg“.

### GROOTSTE NEDERLAAG

Sprekers van die Konserwatiewe Party het gesê dat hulle nie vir „die strawwe ooreenkoms“ kan stem nie; maar ook nie daarteen nie, want hulle het geen alternatieve voorstel nie. 'n Lid het gesê dat hierdie ooreenkoms Brittanje se grootste ekonomiese nederlaag is.

'n Arbeidslid het verklaar dat Brittanje nou op die voorraadstaan van 'n ekonomiese vryheidsoorlog teen die opperheerskappy van Amerikaanse kapitalisme in die na-oorlogse wêreld.

Die leier van die Liberale Party het verklaar dat hy verkieks om die ooreenkoms te steun eerder as om 'n ekonomiese oorlog met die V.S.A. aan te knoop.

### MEEDÖENLOSE TRANS-AKSIE

Die gesaghebbende mondstuks van die Britse finansiële wêreld

— The Economist — skryf o.a. na aanleiding van hierdie Amerikaanse lening aan Brittanje:

„Dit sal moeilik gaan om 'n Engelsman te vind wat nie onder die indruk verkeer dat misbruik gemaak is van sy land se eerbare verleenheid om 'n meedoënlose transaksie te sluit nie.“

„En Brittanje se huidige verleenheid oor dollars is nie iets om oor skaam te wees nie.“

„Ons huidige verleenheid is direk veroorsaak deurdat ons die eerste begin veg het, die langste geveg het, en die hardste geveg het.“

### DAREM NIE REG NIE

„Moreel gesproke is ons die skuld-eisers. En tog sal ons vir die res van die Twintigste Eeu jaarliks 140,000,000 dollar (£35,000,000) moet betaal. Dit mag onvermydelik wees maar dis nie reg nie.“

*Ek is my broer se hoeder: Dit het die Ossewabrandwag gedurende bittere jare van stryd en offer uitgeleef.*

### BINNE 10 DAE 'N GESONDER MAN . . .

### BINNE 90 DAE 'N STERK MAN . . .

of so nie betaal ek u lesgele terug.

### JOHAN HEFER

se duisende suksesse is U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang MOOI SPIERE en REUSE KRAG . . . Bejaarde mans verlang

BLYWENDE GESONDHEID JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enige daarvan weet.

Billike Prys. — Maklike Terme. Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:


JOHAN HEFER,  
Hefer-Instituut,  
Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam . . . . .

Adres . . . . .

Gaderdom . . . . .



Johan Hefer

## WYNE EN BRANDEWYN

AANDAG !!

SPECIALE VERMINDERING VAN PRYSSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE (sleks geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember e.h.)

GENET WYNE, BRANDEWYN EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEM RYKE POPULARITEIT VERWERF HET ONGEWEENAARD IN ELKE OPSIG.

PRYSLYS:

	Per bottel in kisjes van 12 bok-	Per gelling in vandjies
--	--	----------------------------

## WYNSOORTE:

Spesiale Soet . . . . .	2/3	10/6
Wit Jerrypigo . . . . .	1/6	8/-
Rooi Jerrypigo . . . . .	1/6	8/-
Malmsay . . . . .	1/6	8/-
Wit Muskadel . . . . .	1/5	7/6
Rooi Muskadel . . . . .	1/5	7/6
Soet Port . . . . .	1/5	7/6
Pontak . . . . .	1/4	7/-
Worcester Hock . . . . .	1/4	7/-
Spesiale Sjerrie . . . . .	1/4	7/-
Goue Sjerrie . . . . .	1/4	7/-
Ou Bruin Sjerrie . . . . .	2/3	10/6
Hanekraai . . . . .	4/-	—
Vermouth (Frans en Italiaanse Tipies) . . . . .	2/9	—

## FONKELWYN:

„La Vie“ . . . . .	7/6	—
Monis Grand Spumante	10/-	—

## BRANDEWYN:

Eureka . . . . .	8/-	—
A. I . . . . .	7/6	—
Boegoe . . . . .	7/6	—

## LIKEURS:

Kersie . . . . .	6/3	—
Anja . . . . .	6/3	—
Gemmer . . . . .	6/3	—
Van der Hum . . . . .	6/3	—
Creme de Menthe (Peppermint) . . . . .	7/-	—

## JENEWER:

JENEWER . . . . .	7/6	—
-------------------	-----	---

## JENEWER-LIKEURS:

Lemoen . . . . .	7/6	—
Suurlemoen . . . . .	7/6	—

## ENIGSTE VOORWAARDEN:

- (1) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kisje met bottels moet alle bestellings vergesel.
- (2) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.
- (3) Bestellings per kisje mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kisje van 12 bottels is.

LAAT U KERSFES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID. Tevredenhed onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.

Bestel nou van:  
EXCELSIOR WYNMAKERY  
Vlakteplaas-Stasie, K.P.

## MARKAGENTSAP

## VRUGT JÖRF


## KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende prys

MINNAAR  
EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF



'n Echte  
Suid-Afrikaanse  
Produk

Kry dit by u  
Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS) BPK.  
Posbus 3180

DIE O.B., WOENSDAG, 19 DESEMBER 1945.

# Boerejeug Laertrek Op Middagkrans

Tussen 8 en 17 Desember het die Boerejeug 'n groot en geslaagde laer getrek naby Franschhoek op die kleurryke kampterrein wat geleë is op die plaas, Middagkrans, van Hoogeul. Max Smuts. Ongeveer 140 Boerejeug-offisiere, seuns en dogters, het die laer bygewoon.

Nadat jeughoofkomdt. S. Kamffer, in bevel van die laer, 'n openingswoord uitgespreek het, het jeugstafhoof Taljaard die doelstellings wat met so'n laertrek beoog word, uiteengesit.

Benewens opleiding ten aansien van vertoon (vlaghysing, -stryking, wagwisseling, ens.) het die laergangers algemene voorligting ontvang sowel as voorligting met betrekking tot spesifieke boerejeugpligte en werkzaamhede. Owerigens het die seuns en dogters landsdiens verrig.

## BESOEKERS

Besoekers was genl. J. A. Smith wat 'n dag in die laer vertoeft het, en interessante mededelings gedoen het oor vlaevaandels en insignia. Dr. Erika Theron van Stellenbosch het 'n leersame lesing gehou oor volksdiens. Genl. J. de Vos van Kaapstad het die parlementêre stelsel behandel.

Officiere van die omliggende groot-O.B. het gereeld die laer besoek en nooit met leë hande nie. Die Jeug wil graag diegene wat die laer met vleis, groente en vrugte voorsien het van harte bedank vir hul belangstelling en hulp.

By geleenheid van die sluiting Maandagnamiddag het die bevevoerende offisier en van die seuns en dogters spesiale woorde van dank gerig aan hoofgenl. Smuts en mev. Smuts nie alleen vir die beskikbaarstelling van die laer.

Vir Delftige Tabberds  
Twee-stuk Rokke  
en Somerhoede

Kom sekker eers na

*Steyns*

DIE DAMES-WINKEL

PAROW

terrein nie, maar ook vir die veelsydige hulp en oopofferrings wat die laer van hulle gevry het.

Hoewel die tragiese dood van jeugveldkt. Theron, reeds by die aanvang van die laertrek in sluier oor die verrygingsgetrek het, het alles tog vlot en suksesvol van stapel geloop.

Die Jeugleier, genl. Van Rooy, het die volgende telegram van deelname aan die laer-leier gerig:

## HOFBEVINDING

Die geregtelike ondersoek na die dood van wyle Cornelis Theron het Woensdag, 12 Desember, voor magistraat Cullinan op Franschhoek plaasgevind. Die uitspraak was: dood as gevolg van bloedstelling in die harthaar. Die magistraat het sy eie sowel as die hofse innige simpatie met die ouers van die oorledene uitgespreek.

## DINGAANS DAG

„Soet is die stryd vir die stryer“

Die laer het Sondag op plegtige wyse Dingaansdag gevier. Hoofgenl. Max Smuts het die verrygings, wat telkens met gewyde, gesamentlike sang voortgesit is, met Skriflesing en gebed geopen.

Die Gebiedshoofvrou, genl. J. S. du Toit het in 'n beslende feesrede die laergangers en besoekers gebosci. Sy het gepraat na aanleiding van die digter se woorde: „Soet is die stryd vir die stryer“.

Haar klinkende wekroep was dat geen volkslid, sy of haar hydrae tot die volkstryd mag terughou of weier nie.

Die stryd wat die vadere gestry het, onder leiding van, en in nederige opsien tot God, was nooit tevergeefs nie. Elkeen van ons se stryd is nuttig en nodig.

## KRAP U KOP

## RUGBYTOERNOOI

Kan u 'n rugbypuntelyst lees?

Hieronder verskyn een. Eers lees mens die naam van die span, dan die aantal wedstryde wat hulle gespeel het, die aantal gewen, gelykop gespeel en die aantal verloor. Dan kom die punte wat die span aangegetek het (Punte vir) en dan die punte wat teen die span aangegetek is. Vir die doel word die punte in al die wedstryde saam getel. Uiteindelik verskyn die puntelyst-getal punte wat die span gekry het. Dit het niks met die punte in elke wedstryd aangegetek te doen nie en word soos volg toegeken: — 'n oorwinning tel 2 punte, 'n gelykopuitslag een punt en 'n nederlaag nul punte.

Hieronder verskyn die finale puntelyst van 'n toernooi waarin elke span teen elke ander span gespeel het:

	S	W	G	V	V	T	P
Kwaggas	3	2	1	0	22	9	5
Elande	3	2	0	1	12	12	4
Koedoes	3	1	0	2	8	14	2
Gemsbokke	3	0	1	2	12	19	1

In die laaste twee wedstryde was die uitslae soos volg:

Kwaggas 10, Koedoes 3.

Elande 8, Gemsbokke 6.

Kan u sê wat die puntelyst was in die wedstryd tussen die Kwaggas en die Elande? Onthou net dat mens punte in 'n voetbalwedstryd kan maak met drieë of strafskoppe wat 3 punte tel, skepskoppe wat 4 punte tel of doele wat 5 punte tel.

## ANAGRAMME

'n Anagram is 'n nuwe woord wat gevorm word uit die letters van 'n ander woord. PRUIK is 'n anagram van KRUIP. Die onderstaande sinne is almal omskrywings van die anagram van die woord in die sin wat in hoofletters gedruk is:

1. Hiermee kan 'n mens 'n GLAS verpletter.
2. STRINGE kan van belang wees.
3. 'n Slechte DROOM wat 'n menselike kos.

(Antwoorde op bls. 5.)

## DIE POSISIE OP ABERDEEN

In verband met die onlangse berig in die H.N.P.-pers as sou elf O.B.-lede te Aberdeen uit die O.B. na die H.N.P. „oorloop“ het, skryf komdt. R. B. Smith as volg:

Ten eerste wil ek u vra om daardie bedankings nie eintlik ter harte te neem nie, want dit doen die kommando van Aberdeen regtig geen skade nie.

Daar verskyn elf name, van wie net ses aan die kommando behoort. Mr. P. Lategan en mev. P. Lategan het nog nooit in die laaste drie jaar subskripsie betaal nie; selfs die O.B.-blad moes ons staak om aan hulle te gee, daar hulle nie die intekengeld wou betaal nie. Dus het hulle twee al lank reeds verval as lede. Mej. E. Lategan, mnr. D. B. Lategan, sr., en D. B. Lategan, Jr. (pa, seun en dogter) was glo lid van die kommando in kol. Laas se tyd. Maar ons het hulle nooit weer daarna ooit getel vir lede nie. Mev. P. H. van der Watt se man staan getrou by die kommando en is korporaal.

Mnr. D. F. Laas (Burgemeester) het ons as Jeugfrontveldkt. in 1944 geskors. Toe kom hy weer na die officiersraad en baken sy fout, dog met die officiersraad van 27 Oktober moes ons hom weer skors (natuurlik pluk hy vrou en kind saam). Mr. en mev. G. F. Gouws was lude in naam.

Die H.N.P.-voorsitter van Aberdeen en sy agente het twee dae voor die vergadering begin met hulle huisbesoek by alle O.B.-offisiere by wie hulle kans gesien het om hulle om te rokkel, en soos u sien is dit al vrug op hulle moeitevolle arbeid. Onder die name wat verskyn het, is daar nie een enkele offisier nie.

(Get.) R. B. SMITH,  
Kommandant.

Een vir almal, en almal vir een: Dit noem die Ossewabrandwag Afrikaner-Sosialisme.

## Die Kersboom

## MEDITASIE

## Die Rooide dag Wakker Maak

(Deur 'n Dominee.)

Ps. 108 vers 3: „Waak op, harp en siter! Ek wil die rooidag wakker maak.”

Die Oujaar is aan die verbygaan, met al sy lief en leed. In hierdie laaste weke van die wegsterwende jaar oordink ons alles wat daar plaasgevind het in ons persoonlike en huislike lewe, wat daar gebeur het in ons vaderland, ja, in die hele groot wêreld waarin ons woon en wat so vol is van beroering.

Elke dag het ons gelewe onder die bestel van die Here onse God. Hy het geregeer in die groot wêreld na sy ewige raad en deur sy voorsienige Hand. Die lot van volkere en nasies is nie bepaal deur 'n yster-noodlot of 'n grillige toeval nie.

Hoe donker ook die dreigende, laaghangende onweerswolke boekant ons was, hoe felbewoë die bruising van die golwe op die wêrelde, ons oog was op God gerig en ons roep mekaar toe: die Here regeer! Maar ons het ook gebid by die troon van die Almagtige dat die donkerheid mag weggevaag word, dat die lig weer mag deurbreek, dat hy mag stilmaak die bruising van die see, die rumoer van die volke. Die stryd het van gedaante verwissel met die sogenaamde vredesaankondiging, maar na sy wese woed dit steeds voort. Prof. dr. J. D. du Toit het die toestand waarin Europa hom bevind, raak geteken: Europa het twee poorte, aan die Oostekant en in die Weste — by die een poort lê die Russiese beer, en by die ander die atoom bom.

Maar ook vir ons volk is dit nog nag, en die nag is donker. Totius spreuk érens van die trekking van die tere bande van geskiedenis en tradisie, maar ook van die vaderland, en dan sê hy: „Hoe droef word dit in ons gemoed as hierdie woord sy klank laat hoor.”

## VADERLAND

Die Israeliet het sy Jerusalem gehad (en het dit nog), waarvan hy sê: As ek jou vergeet . . . (Ps. 137). Die Arabier, hoe vér ook verdold in die mateloze woestyne van Noord-Afrika, sprei sy kombers voor hom uit na die kant van Mekka, en hy buig hom hoopvol neer. Die Engelsman het sy Home, die Duitser sy Heimat, die Fransman la Patrie — klanke wat onuitspreeklike sielsemosies wek. En die Afrikaner? Hy trek, is dit nie met sy voete nie, dan met sy gedagtes. In sy droom sien hy wel heuwels wat wink en laagtes wat lag, 'n paradyss van bossies en grasveld, en daarbo is die sonnehemel 'n droom, maar daar is geen mense nie

en dit is ook nie nabij hom nie, en . . . hy trek.” Op die trekpad nog steeds bedreiginge, selfs gevaarliker en satanieslistiger as by Bloedrivier.

Tog skyn, netsoos vir ons voorgeslag, op die pad van ons volksgeschiedenis deur al die donkerheid heen die lig en die liefde van Christus. Daar is vir ons soms 'n onbeskryflike teenstelling tussen die heerlikheid van God se belofte en ons ontredderde en verskeurde wêreld, maar so dikwels as wat ons spreek of dink oor die kersboodskap, word ons elke keer opnuut as 't ware boekant onsself en bo ons daagliks lewe uitgehef, word ons uit ons menslike skemer oorgeplaas in die Lig wat ons uit Bethlehem toestraal.


## DIE ONBEKENDEN

Op die Nuwejaarsmôre sal ons 'n nuwe jaar binnetree as God ons spaar. Die ou jaar het sy geheime vir ons onthul, maar op die eerste mōre van die nuwe jaar staan ons voor 'n onbekende toekoms. Daardie dag laat ons weet dat ons voortlewe, dat die Einde nog nie gekom het nie, dat hierdie wêreld God se raad nog nie uitgedien het nie, dat daar nog veel moet gebeur en dat daar nog veel moet gedoen word. Ons mag nie stilstaan nie, ons moet voortgaan om ons roeping te vervul in die persoonlike lewe waarmee ons 'n eie plek in die groot geheel inneem, in die lewe van gesin en familie, in die maatskaplike en volkslewe, en nie die minste nie, in die saamlewe in die gemeenskap van die heiliges in die arbeid vir die Koninkryk van God.

As die nag verby is en die nuwe dag gebore word, ontwaak die mens en dan begin vir hom die nuwe dag. Hy wat die Here liefhet, sal die dag, ook die Nuwejaarsmôre, met God begin, aan sy Vadersorg hom toevertrou. Dawid sing in sy psalm: Ek wil die rooidag wakker maak. Hy wil dus so ontwaak dat hy bereid en gereed is tot vervulling van sy dagtaak en daartoe as 't ware die daeraad wek. Dawid roep na die harp en siter: Waak op om God se lor te besing. En so sê hy van homself: Ek sal by die daeraad opstaan om die Here my God te loof onder die volkere, om Hom te psalmsing onder die nasies; wanneer die eerste skietstrale van die opgaande son oor die berge kom, wil hy reeds met volle toewyding sy dagtaak aandurf, en die deurslaggewende beginsel vir hom is dat God se eer verbrei moet word op alle lewensterreine. Sy lewe moet deur-

dawer word met een deurlopende loflied tot grootmaking van sy God, nie alleen met die mond nie, maar veral ook met daadkragtige diensbetoning:

Hoe rus, o God, my hart in my Nou 'k U 'n mórelied kan wy. Ontwaak met my, my harp, ontwaak! Ek wil die rooidag wakker maak. U trou en goedertierenheid, Tot bo die hemel uitgebred, Sal ek verhoog by al wat leef Met sang wat van ontroering beef.



WAARDE VIR GELD

## DUITSE GEES FLIKKER OP

Engelse berigte uit Duitsland lui dat die Duitse gees begin opflikker. Nooit heeltemal uitgedoof, selfs deur die storm van verowering nie, begin dit tens die eerste betekenisvolle tekens van herlewning toon.

Britte sien hierdie tekens o.a. in die swastika's wat snags gevref word op die versilwerde Russiese tenk, wat in Potsdam as oorwinningsimbool geplaas is; in die moord op 'n Britse soldaat deur 'n half-dosyn Duiters; en in die swart hande wat deur lede van die Hitlerjug op die mure van huise in Berlyn geverf word.

'n Versigtig opgestelde Amerikaanse verslag verklaar dat die volkome onderdanigheid wat die Duitse gees aan die end van die oorlog gekenmerk het nou vervang word „deur toestande wat normaalweg verwag word in 'n besette land”.

Die Britte verklaar dat die Duiters in die Amerikaanse besettingsgebied vrypostiger is as elders. Dit wyt hulle aan die snelle Amerikaanse demobilisasié wat die Duiters astrand maak asook aan hulle genoedelike vriendelikheid en informele omgang met die Duiters.

Voorts verklaar die Britte dat die Duitse gees die flouste opflikker in die Russiese besettingsgebied. Maar die opgehopte vrees en die onderdrukte wraaklus kan mak-

lik érens uitbars en dan sal die Duitse gees gevaarlik ontvlam.

## V.S.A. GEE DUITSERS SELFBESTUUR

Die Amerikaanse nuusdiens berig dat die hele burgerlike administrasie van die Amerikaanse besettingsdeel van Duitsland, met inbegrip van die noogste administratiewe poste in die provinsies, op 1 Januarie deur die Amerikaanse militêre

## Vryheidsdag

O.B.-kommando's word daar aan herinner dat Vryheidsdag aanstaande jaar op 27 Februarie soos gewoonlik gevier sal word. Daar kan intussen aandag geskenk word aan die programme vir die dag. By 'n latere geleentheid sal meer besonderhede in Die O.B. verstrek word.

overheid aan die Duiters oorgedra sal word.

Slegs die breë trekke van bevele sal aan die Duitse provinsiale regerings meegedeel word. Hulle sal dit met hul eie administratiewe masjinerie moet uitvoer. Die Amerikaanse militêre owerheid sal net die opperbeheer behou.

Die Amerikaners sal net die beleid bepaal; die Duiters sal self vir alle uitvoering verantwoordelik wees. Dit sal meebring dat die Amerikaanse beettingspersoneel heelwat verminder gaan word.

## UIT WANHOOP AAN PARTYSTELSEL ?

Die parlementêre onder-leier van die Arbeidersparty, mnr. M. J. van den Berg, het 'n beroep gedoen op die leiers van die vier politieke partye in die land om die strydbyl neer te lê en 'n nuwe nasionale koalisie-regering te vorm.

Hy het reeds brieue in dier voege aan genl. J. C. Smuts, mnr. W. B. Madeley, kol. C. F. Stallard en dr. D. F. Malan gerig.

In sy brieue stel mnr. Van den Berg voor dat 'n gesamentlike poging aangewend moet word om Suid-Afrika se náoorlogse vraagstukke op te los. Die „vrede” moet tot die volgende algemene verkiesing in 1948 duur en elkeen van die vier partye sal na verhouding tot sy aantal setels in die Parlement in die kabinet verteenwoordig word.

Na aanleiding van hierdie voorstel van mnr. Van den

Berg verklaar 'n medewerker van die blad Forward:

„Vanwaar kom hierdie drang na 'n koalisie en 'n onmoontlike koalisie boonop? Die antwoord is dat mnr. Van den Berg begin wanhop het aan die partystelsel, en tenspyte van die feit dat hy 'n „vrede” voorstel wat net moet duur tot by die volgende algemene verkiesing is hy tog 'n voorstander van die een-party-stelsel as sodanig.

Die party-gees het 'n dodende uitwerking op ons hele gemeenskapslewe, verklaar mnr. Van den Berg. Dit sal waar wees ook na 1948.

Ons Gee Nog Steeds Leiding!  
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE  
(EIENS.) BPK.  
Voortrekkerweg, MAITLAND.

## A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers  
Begraafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria  
130 Takke

## Paarl

Monumentale-Werke  
(EIEN.) BPK.

Posbus 220 — Bredastraat  
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:  
L. A. B. Bohlman — M. Bohlman  
Gevestig 1898

'N GROOT BOEK OOR 'N GROOT LEIER DEUR

'N GROOT SKRYWER

## Generaal

J. B. M. Hertzog  
deur

C. M.

VAN DEN HEEVER  
Prys £1.4-6  
POSVRY

Dit is 'n Boek wat 'n Groot Veld Beslaan

GENL. HERTZOG  
as stryder vir die Republieke se saak.

GENL. HERTZOG  
as kampvegter vir moeder-taal-onderwys, die Afrikaner se taalregte en kulturele selfstandigheid.

GENL. HERTZOG  
as kampioen van sy onsterlike gedagte: SUIDAFRIKA EERSTE!

GENL. HERTZOG  
se strydtap vir tap om aan Suid-Afrika volledige selfbeskikkingsreg te gee.

GENL. HERTZOG  
as politieke stryder en onverskrokke handhawer.

GENL. HERTZOG  
se segregasiebeleid ten opsigte van die naturel.

GENL. HERTZOG  
as groot en onvergeetlike mens.

GENL. HERTZOG  
in sy triomf en vernedering.

BESTEL VAN:

AFRIKAANSE PERS-

BOEKHANDEL

Lovedaystraat 75  
Posbus 845 — Telefoon: 33-8669

JOHANNESBURG

## VERJAARDAG-KETTING

## Rusland

## Tree In

Rusland het ampelik protes aangeteken by die Turkse regering teen die vernietiging van die masjinerie van kommunistiesgesinde koerante in die Turkse hoofstad op 4 Desember deur 'n groot groep mense onder leiding van studente.

Ná die aanval het die Russiese blad Prawda verklaar dat die Turkse regering verantwoordelik is vir die opstootjie en het hy die voorval beskryf as 'n stuk huigelary.

Aangesien daar op 26 Des. en 2 Januarie geen uitgawes van Die O.B. is nie, plaas ons hiermee die verjaardae tot 9 Jan.

20 DESEMBER: Hermina Steyn, Legkraal; Jacoba van Dyk, Koster; George Grundling, Kirkwood; Joegem Baard, Moorreesburg; Berta le Roux, Ceres; Danie Visser, Marchand.  
21 DESEMBER: H. M. Joubert, Magdaleneskraal; Hennie Joubert, Magdaleneskraal; Mariena Marais, Bothaville.  
22 DESEMBER: Johanna de Jager, Rustenburg; Emma Venter, Derby; A. E. Kruger, Magdaleneskraal; Bernardus Steenkamp, Potgietersrust; Kitty Henn, Wolseley; Jacobus de Goede, Observatory; Magdalena Lourens, Vryburg; Wilhelmina van Niekerk, Cloolan.  
Die res van die ketting moet ongelukkig oorstaan.

## VERJAARDAG-KETTING

## Rusland

## Tree In

Rusland het ampelik protes aangeteken by die Turkse regering teen die vernietiging van die masjinerie van kommunistiesgesinde koerante in die Turkse hoofstad op 4 Desember deur 'n groot groep mense onder leiding van studente.

Ná die aanval het die Russiese blad Prawda verklaar dat die Turkse regering verantwoordelik is vir die opstootjie en het hy die voorval beskryf as 'n stuk huigelary.

DIE O.B., WOENSDAG, 19 DESEMBER 1945.

# DIE JAAR 1945

Vir Die O.B. is hierdie uitgawe ook die afsluiting van die jaar waarin soveel verbysterende gebeurtenisse plaasgevind het. Ons het die gordyn sien toesak oor 'n genadelose oorlog wat dwaas en tevergeefs was. Sommige volke het gemeen hulle het gewen, ander het gemeen hulle is verlos, maar reeds word daar in die Britse Laerhuis in verband met Engeland se geldelike toestand gekla dat Brittanie behandel word soos 'n „verslaande volk"; en in Europa het die „verlosdes" net geval in die hande van groter tirannie as wat selfs die propaganda teen hul voormalige toestand in staat was om te skilder.

Die afgelope jaar het verwagtings by miljoene misleide mense laat opflikkier oor die intrede van 'n nuwe wêreld „vry van vrees en vry van gebrek". Maar die jaar was nog ver van sy einde toe die voorspellings begin inkom het van miljoene en miljoene wat werkloos gaan wees in die lande van oorwinning. In die lande van nederlaag word dit as vanselfsprekend beskou en selfs met leedvermaak verkondig dat meer mense weens honger gaan sterf as wat die oorlog geëis het. In ons eie land moet diegene wat vir die „drie vryhede" van die nuwe wêreld geveg het, reeds nou al hul eie reg gebruik om 'n dak bo die kop te kry en voedsel is so skaars dat iemand met £1500 boete gestraf kan word as hy vir 'n week vooruit voorsiening maak in sy spens.

## DIE BETER WERELD

Die afgelope jaar sou ook die ewige vrede tussen die volke van die wêreld inlui. Die „misdadigers" wat verantwoordelik sou wees vir die oorloë, word nog onderwerp aan 'n oorwinningsvertoon te Nürnberg voordat hulle die eeu van oorloë met hul dood sal verseël; dog reeds vind die diplomatieke botsings oor die verdeling van die wêreld plaas tussen wat almal beskou word as nuwe vyande. En 'n Britse staatsman moes verlede week praat van „die geværvolle nuwe wêreld waarin ons ons bevind" — die resultaat van ses jaar se oorlogsinspanning vir 'n „beter wêreld"! Die jaar 1945 was lank genoeg om die waarheid te bevestig wat Christus tweeduise jaal geleer het dat dit nie die een of ander volk is wat vir oorlog verantwoordelik is nie, maar die hebsug van die menslike hart. 1945 was egter nie lank genoeg om ons ook die waarheid te laat besef dat liefde en geregtigheid die sleutel tot duursame vrede is nie. By die uitgang van die jaar word die haat nog gekoester en die leed en dood van miljoene word slegs in sover getemper as wat dit 'n bedreiging vir die eie veiligheid kan wees.

In die afgelope jaar is ook die grondslag gelê van die nuwe volkebond wat vrede sou bewaar, maar slegs drie maande daarna is deur 'n verantwoordelike staatsman verklaar dat die grondslag reeds verouderd geraak het weens die uitvinding van die atoombom, wat wel gedien het om die oorlog finaal te beëindig, maar daarvan ook die saad van 'n nuwe oorlog geplant het in 'n bedding van agterdog.

So ploert die staatsmanne van die wêreld voort in hul bevangenheid. Wat die een oomblik as redmiddel aangegegryp word, verander die volgende oomblik al weer in 'n besmetting. In sulke omstandighede bly daar vir ons slegs die troos oor dat agter dit alles daar die besturende Hand van God is — die mens wik, maar Hy beskik.

## Boerejeug Bedrywig Op Brooklyn

Die Boerejeug-afdeling van die Christiaan De Wet-kommando, Brooklyn, berig dat hulle eerste konsert 'n groot sukses was. Die opkoms was baie goed en die program was besonder geslaagd. Die verrigtings is opgeluister met musiek deur die O.B.-Blaasorke wat baie daartoe bygedra het om die konsert 'n sukses te maak. Die mooi bedrag van £10-6-0 is ingesamel.

Die Boerejeug is vol ywer en wil net gou weer begin met hul volgende poging.

Ons dank almal wat ons gehelp het, asook komdte. Van Rooyen wat gehelp het om die konsert 'n sukses te maak.

## Lugtig Vir Moskou- Konferensie

Die Buitelandse Ministers van die Drie Grottes het Saterdag in Moskou bymekaargekom. Die Londense byeenkoms van die buitelandse ministers was 'n volslae mislukking. Wat die Moskouse byeenkoms gaan baar weet nugter.

Verhoudings tussen die Grottes, atoomkrag en talle netelige sakies, waaronder veral die Iran-situasie, sal glo bespreek word.

Londen en Parys is lugtig vir die terugkeer na die diplomacie van die Drie Grottes. Engeland is die swakste van die Drie Grottes en Frankryk is glad nie 'n „Grote" nie.

Die Franse het by voorbaat al tekenne gegee dat hulle hulle nie sal laat bind deur die besluite wat in Moskou geneem mag word nie.

# Die Implikasies van die Brits-Amerikaanse Lenings-Ooreenkoms

(Deur ons Ekonomiese Medewerker)

Die Britse Laerhuis het reeds die ooreenkoms bekratig en terselfdertyd ook die Bretton Woods-voorstelle insake deelname aan 'n Internasionale Monetäre Fonds en 'n Internasionale Bank aanvaar.

## BRUIKLEEN-VRYSKELDING

Hoewel die Britte beweer dat die ooreenkoms 'n baie snaakte beloning is vir hulle lyding vir die gemeenskaplike saak, moet daarop gewys word dat die bepaling van die bruikleenksuld op slegs £162,500,000 Brittanie vryskel van etlike miljoene £. Feit is dat die netto bruikleen-hulp wat Brittanie van die V.S.A. ontvang het nie minder as ongeveer £3,600 miljoen was nie. Dit beteken dus dat Brittanie vryskel word van 'n skuld wat ongeveer so groot is as wat een jaar se oorlogsgawes was.

## MAAR SKRALE DIS

Die donarkrediet van £937,500,000 is in verhouding met Brittanie se verpligte maar baie klein. Volgens die Britse Eerste Minister beloof hulle jaarlikse uitgawes aan oorsese lande £2,000 miljoen. Hieroor kan hulle net gedeeltelik betaal, d.m.v. uitvoere ter waarde van £350 miljoen en d.m.v. inkomste van £450 miljoen uit beleggings en dienste. Dit laat 'n jaarlikse tekort van £1,200,000,000. Vergelyk hiermee die bogenoemde krediet en ons sien dat die Britse probleme nie daardeur sommer uit die weg geruim is nie. As hy die dollars net gebruik om by die V.S.A. te koop, sal dit ook nie langer as 2 jaar hou nie, want in 1944 het hy van daardie land nie minder as £533 miljoen se goedere ingevoer nie en slegs £18 miljoen aan produkte soontoe uitgevoer. As alternatief kan Brittanie uiterste pogings aanwend om soveel moontlik na die V.S.A. uit te voer maar dit sal die probleem nog nie kan oplos nie.

## STERLINGBALANSE

Die vernaamste voorwaarde waaronder die lening toegestaan is, nl. die ontvriesing of vrystelling van geblokkeerde sterlingbalanse, sal die Britse betalingsbalans in 'n nog ongunstiger posisie plaas en ook baie swaar rus op die hele ekonomiese lewe. Die verdere byvoeging dat die vrystelling in die vorm van enige geldeenheid moet plaasvind, beteken dat Brittanie byvoorbeeld nie kan bepaal dat die skuldeisers alleen betaling, d.m.v. invoere uit Brittanie kan ontvang nie.

Hulle moet m.a.w. daardie fondse kan gebruik om in enige ander land: V.S.A., Swede, Frankryk, Holland, ens. te gaan koop. Brittanie mag ook nie die Amerikaanse krediete gebruik om verpligte onder hierdie hoof na te kom nie. Hy sal dus sy produksie-apparaat vol stoom moet laat werk om nie alleen na dele van die Ryk uit te voer nie maar ook na Amerikaanse en Europese lande ingeval die skuldeisers vanuit hierdie lande wil invoer en van hulle geldeenheid wil bekom.

## DIE VOORWAARDES

Die skuldeisers is grotendeels Rykslande en tot 'n groot mate is dit vir Engeland 'n gelukkige toestand. Die totale geblokkeerde sterlingbalanse is nageenoeg £3,500 miljoen. Skynbaar hoef dit nie alles op een keer afbetaal te word nie — Brit-

tanje sou dit onmoontlik vind — maar kan behandel word na aanleiding van die drie kategorie waarin die fondse geplaas word: (a) Balanse onmiddellik vrygestel te word; (b) Balanse in paaiemente vanaf 1951 vrygestel te word; (c) Balanse wat behandel sal word as 'n bydrae tot die vereffening van ná-oorlogse skuld.

## NÁ-OORLOGSE SKULD

Die laaste kategorie is baie vaag omskrywe en klink na 'n bedekte skimp dat sekere dele van die skuld deur skuldeisers vrygestel sal of behoort te word. Op so'n moontlikheid het die Londense „Economist" ook lank gelede al gesinspeel. As nou b.v. £1,000 miljoen aan Brittanie geskenk word, en £1,500 miljoen in paaiemente afbetaal kan word oor die bestek van 'n aantal jare, sal daar nog £1,000 miljoen binne 'n jaar of twee gelikwiede moet word. Dit is voorwaar 'n ontsaglike taak wat hom in die gesig staar.

aankope uit die sterlinggebied nie.

Die sterk finansiële bande wat gedurende die oorlog in die Ryk opgebou is, sal hierdeur 'n knou kry. Dit beteken nie dat alle ekonomiese bande verbreek word nie, want die sterlinggebied — afsonderlik van die blok — kan nog soos voor die oorlog voortbestaan, waarvolgens verskillende lande hulle geldeenheid tot 'n mindere of meerder mate aan die Britse gekoppel het.

## RYKSVORKEUR

Volgens die ooreenkoms is daar nie 'n spesifieke bepaling dat met alle handelsbeperkinge en daarmee Ryksvorkeur weggedoen moet word nie, maar in 'n gesamentlike verklaring wat die ooreenkoms vergesel het, is gesê dat onderhandelings aangeknop sal word met die oog op veranderinge in tariefmure, voorkeure, kwantitatiewe beperkings, staatshandel ens. Indien Brittanie hom aan sy befolios tot vryer handel hou, sal Ryksvorkeur besoontlik ook 'n radikale verandering ondergaan of geheel-en-al afgeskaf word.

## SUID-AFRIKA SE POSISIE

Die gevolge daarvan vir Suid-Afrika mag van verskillende aard wees. Die Unie se toegang tot 'n afsetgebied wat tussen 1935 en 1938 gemiddeld £12 miljoen se goedere per jaar geneem het, sal daardeur bemoeilik word. Dis egter te betwyfel of die uitvoer na die res van die Britse Gemenebes wat gemiddeld £4 miljoen se goedere van ons gekoop het, baie nadelig beïnvloed sal word. Terselfdertyd sal Brittanie se uitvoere na die Unie natuurlik ook nie meer dieselfde voorkeur as vroeër geniet nie. Maar dit sal minder stremmend werk op die Britse uitvoere as die Suid-Afrikaanse uitvoere, vanweë die sterk sentimentele verband van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking met Engeland.

En hierin lê die gevær vir Suid-Afrika.

As gevolg van die houding van Britsgesinde stadsrade, munisipaliteite, afdelingsrade en besighede, sal ons besoontlik net soveel as tevore uit Engeland invoer maar baie minder na haar uitvoer. Ons invoerpotensiaal wat dan oorbly sal nie kan gebruik word om sulke goeie voorwaardes vir ons uitvoere na ander lande te beding as wat ons andersins miskien sou kon doen nie.

## S.A. MOET ANDER MARKTE SOEK

Terselfdertyd wil dit ook voorkom asof die swak ekonomiese toestand van Brittanie hom 'n swak afsetgebied maak, sodat, of die Ryksvorkeurstel nou afgeskaf word al dan nie, ons in alle geval ander markte moet gaan soek.

## ONTBINDING VAN DIE RYK

Dit is egter seker dat afskaffing van Ryksvorkeur die bande wat die Ryk bind, sal verswak. Inwerkingtreding van die Internasionale Monetäre Fonds en Bank wat ook ten doel het die vryer vloei van goedere en dienste internasionaal en veelsydigheid in die handel, sal die eenheid van die Ryk nog 'n verdere knou toedien. En as die sentimentele bande op die lang duur nie deur iets meer konkreets gevoed word nie, sal verbrokkeling van die Ryk waarskynlik ook nie uitbly nie.

## 65 Jaar Al Getroud



Op 30 Nov. 1945 het oom Piet en tante Bessie Meyer van Bakanango, Natal, hul vyf-en-sestigste huweliksdag herdenk.

Tant Bessie was 'n nooi Van Rooyen. Oom Piet, 'n man van 88 jaar en tante Bessie so'n paar jaar jonger, is nog in die kleur van hul lewe — fris en nog taamlik gesond. Oom Piet, 'n Bitterreinder van die Tweede Vryheidsoorlog, was 'n troue ondersteuner van wyle genl. Hertzog en is vandag 'n voorveger van die O.B.

Ons wens hulle toe nog 'n lange en aangename saamlewing in hul hoë ouderdom.— (Bewonderaar.)

## STERLINGBLOK VERDWYN

Die betekenis van die tweede voorwaarde is eenvoudig dat die sterlingblok vernietig moet word. Onder die sterlingblok is dit moontlik om te diskrimineer teen teen lande buitekant die blok. Met die sentrale beheer in London kon alle aankope deur sterlinglande van andere buitekant die blok voorkom word of tot 'n minimum beperk word. Hierdie handelwyse staan die V.S.A. nie aan nie omdat die lede van die sterlingblok, behalwe miskien Brittanie self, baie minder van hom koop as wat hulle andersins sou doen. Na ratifikasie van die ooreenkoms sal London nie meer mag bepaal dat die sterlingontvangers van enige land in die sterlinggebied — Suid-Afrika, Australië, Nu-Seeland, Indië, Britse Kolonies ens. — geheel of grotendeels gebruik moet word vir

# Senaat Speelbal Van Politieke Partye

## Verkies Gemeenskapsraad

In sy jongste uitgawe bring Burnside's Weekly weer eens die kwessie van afskaffing of hervorming van die Senaat as deel van die parlementêre stelsel na vore. Hy haal die uitsprake aan van manne wat hulle in 1938 oor die saak uitgelaat het.

Nadat dr. Karl Bremer, L.V., verklaar het dat die Senaat van die Unie nie aan sy doel beantwoord nie, sê hy voorts:

"Mens kan jou maklik voorstel dat verskillende groepsbelange sterk verteenwoordig in die Senaat kan kry, en sodoe die bestaan van die liggaaam kan regverdig. In die Unie egter is die naturelle-groep die enigste wat in die Senaat verteenwoordig word, en wel deur drie gekose senatore en ander wat deur die regering aangestel word weens besondere kennis van Naturellesake."

As arbeid, landbou, industrie, handel, gesondheid en die professies verteenwoordig kan word in die die Senaat deur die knapste manne wat elke groep beskikbaar stel in verhouding tot die belangrikheid van die groep, sal dit dadelik die status van die Senaat verhoog en kan dit vir die land die moete word word om £43,000 jaarliks aan hierdie liggaaam te span-deer."

### NET PARTYE

Senator dr. Edgar Brookes (Naturelleverteenvoerder i g e r) skryf die magteloosheid van die Senaat, soos tans saamgestel, o.a. aan die volgende faktore toe:

"Senatore se deelname aan die koukus-stelsel, wat meebring dat belangrike sake beslis is, en die meerderheids-groep van Senatore reeds gebind is nog voordat die wetgewing die Volksraad verlaat."

"Die feit dat Senatore deur die party-masjien verkies word, en deur die party herkies moet word, en gevólglik niemand anders as net die party moet behaag nie."

Moontlike verbeterings kan

### Antwoorde op Krap U Kop

Rugbytoernooi. — As mens die laaste twee wedstryde buite rekening laat, kan die puntelys soos volg oorgeskrywe word:

	S	W	G	V	V	T	P
Kwaggas	2	1	1	0	12	6	3
Elande	2	1	0	1	4	6	2
Koedoes	2	1	0	1	5	4	2
Gemsbokke	2	0	1	1	6	11	1

Die Elande se wedstryde teen die Kwaggas en die Koedoes is bo ingesluit. Die Kwaggas het nie een verloor nie, die Elande moes dus teen die Koedoes gewen het en wel met 'n telling van 4—0 of 4—3. Die Koedoes het egter net of nul of 5 punte in 'n wedstryd aangegetekend, gevólglik moes hulle 0—4 verloor het. Die telling in die wedstryd tussen die Kwaggas en die Elande was dus: Kwaggas 6, Elande 0. Kan u uitwerk wat die telling in die ander wedstryde was. Dit was Kwaggas 6, Gemsbokke 6; en Koedoes 5, Gemsbokke 0.

#### Anagramme:

1. SLAG.
2. ERNSTIG.
3. MOORD.

#### VOLKSDIENS

Die bevelvoerende offisier het 'n baie interessante lesing gehou waarin hy die doelstelling van die O.B. se Wagafdeling baie duidelik uiteengesit het. Sy toespraak het as hoofgedakte gehad: die O.B.-Wag staan in diens van die volk en hy moet homself dus deur op-leiding tot so'n mate bekwaam dat die volk in tye van gevaar op hom kan staatmaak. Die Wagafdeling sal die nodige op-leiding aan sy lede verskaf. Besondere klem is gelê op die feit dat die Ossewabrandwag vandag die enigste doeltreffende teenvoeter is vir die Kommunisme in ons land en dat dit veral die taak van die Wagafdeling sal wees om hierdie gevaar af te weer en die volk daarteen te beskerm.

(Vervolg in kol. 4)

# DUITSERS AANGEKLA VAN DAAD WAT GEALLIEERDES NOG DOEN

Daar word nog steeds voortgegaan met die verjaging van Duitsers uit Oos-Europa, onderwy Duitse leiers op die oomblik te Nurnberg o.a. aangekla staan van „deportasie van burgerlike bevolkings”.

Luidens 'n Sapa-Reuter-verslag sal nog 2,500,000 Duitsers deur die Tsjeggiese regering uit Sudetenland verjaag word. Daar is verlede week begin met die verwydering van die eerste groep van 80,000 deur hulle op treine te laai. Voorheen moes die vlugtende Duitsers hul eie vervoer verskaf. Wat dus eintlik bedoel word, is dat dit die eerste enigsins ordelike uitjaging van die Duitsers is wat sedert geslagte al in daar die gebied woonagtig was.

Die Duitsers sal toegelaat word om klere, kookgereedskap, gewone gereedskap, juweliereware en geld saam te neem.

Daar word verklaar dat reeds 500,000 persone hulle op please wat voorheen die eiendom van Duitsers was, gevestig het. Die nedersetters bestaan hoofsaaklik uit Tsjeggiese kleinboere.

Daar was 3,300,000 Sudeten-Duitsers in Tsjeggio-Slowakye en 300,000 ander Duitsers. Van hulle is 500,000 deur die Duitse leër gemobiliseer en 600,000 het óf gevlyg óf is verlede Mei-maand uitgeplaas. Dit laat 2,500,000 oor wat verplaas moet word.

### Indier-Indringing In Pretoria

PRETORIA. — As gevolg van die regering se beleid word Pretoria se blanke buurte nou weer deur Indiërs bedreig. Die jongste geval waar die regering bovermelde toestand van sake in die hand gewerk het, was toe sekere Asiatische toegelaat is om 'n huis in Strubenstraat te mag betrek en te bewoon. 'n Paar maande gelede was daar ook so'n geval en dit was in Sheppardstraat. Sheppard- en Strubenstraat is albei in die voorcentrale gedeelte van die stad geleë.

Asiate is dus besig om langsaam maar seker die mooi stad Pretoria in te dring. Dit is 'n onvergeeflike sonde en nageslagte sal met 'n vinger van teregwyding op hierdie toestand van sake wys.

(Vervolg van kol. 2)

#### LANDSDIENS

Verder het lede van die kamp ook weer geleenthed gehad om landsdiens te beoefen. Dit is vrywillige diens wat gelewer word in belang van een of ander mede-Afrikaner. So was daar b.v. 'n mielieiland nie ver van die kamp af nie, begroeï met heelwat kakiebos en ander onkruid. Nadat die kamspan egter soos sprinkane oor die land beweeg het, was daar geen teken meer van onkruid nie en het dit alles eenkant op 'n hoop gelê.

Nadat die kampany met Skriflesing, gebed en gesang afgesluit was, het die manne weer huis-toe gegaan, almal versterk en met nuwe vasberadenheid om die stryd vir God, Volk en Vaderland tot 'n seëvierende einde te voer.

As dr. Colin Steyn in 1944

### Minister Het Twee Jaar Gelede Gesé Polisie Kry Genoeg

Dit word vry algemeen aanvaar dat die hoofsoosaak waarom die misdaad-posisie in Suid-Afrika hande uitgeruk het, toegeskryf moet word aan die tekort aan polisie-amptenare om die golf te stuit.

En die tekort aan polisie-amptenare moet op sy beurt weer toegeskryf word aan die ontorekende besoldiging wat lede van dié mag ontvang.

Op 1 Julie van hierdie jaar het dr. Colin Steyn, destydse Justisie-minister, verklaar:

„Die tyd het aangebreek om op te hou met die mooi toesprake oor die polisie en om toe te sien dat die diensvoorraarde verbeter word.”

Mooi woorde hierdie, maar die leegheid en betekenisoosheid daarvan blyk uit die minister se oppervlakkige houding van die verlede.

Op 25 Januarie 1944 het dr. Colin Steyn in die Volksraad awysend geantwoord op die vraag of hy nie bereid is om vertoë te ontvang vir die algemene verbetering van die diensvoorraarde en salarisje van die Suid-Afrikaanse polisie nie.

#### NIE NOU GELEË NIE

Toe was dr. Colin Steyn 'n groot man. Sy antwoord was: „Ek beskou dit nie nou geleë om algemene vertoë betreffende die saak te ontvang nie. Salarisse en diensvoorraarde van toepassing in die Suid-Afrikaanse polisie is vasgestel na 'n grondige ondersoek deur 'n Geregtelike Kommissie in 1937.”

Geen joernaliste of fotografe is toegelaat om die verrigtings by te woon nie. Hulle is weggehoo-deur frisgeboude manne wat om die vergadersaal op wag was.

Mosley het aan die aanwesiges gesê dat die Fasciste nooit sal vergeet wat hulle gely het nie en dat hulle sal toesien dat hulle vyande dit ook nie verweet nie.

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**  
Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**  
Bus 10 — HUGENOT, K.P.

#### PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**  
(Edms.) Beperk  
MOREMARK (Postbus 7185) Newtown

#### ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

—o—

#### GARAGES EN HANDELAARS

—o—

Vir Diens te:

Robertson — Montagu

Ashton — Bonnivale

Koebergweg, Brooklyn

Kaapstad — Laingsburg

### Jode Vlug Terug Uit Oos-Europa

Gemiddeld 300 Jode, wat wegvlug vir die opkom van anti-Semitisme in Oos-Europa, veral in Pole, kom daagliks in Weenen aan, volgens 'n berig van SAPA-UP uit Weenen.

Jode wat terugkeer na Duitsland, wat hulle slegs 'n paar maande gelede verlaat het, is heeltemal behoeflig en sonder die nodige middelle vir 'n bestaan. Hulle geniet tydelike skuling in 'n spesiale oorgangskema wat deur die Amerikaanse leër gedurende die afgelope maand in Duitsland en in Australië opgerig is. Hulle het gevlyg uit Pole, Hongarye en Roemenië, terwyl die uitendelike bestemming van meeste Palestina is. Behalwe diegenie wat saamdroeg in die

## VERLOWING

DU PLESSIS-COETZEE. — Ons, Martie, oudste dogter van mnr. en mev. C. J. Coetzee van Turffontein (Unie-winkels, Pretoria) en Jannie, oudste seun van mnr. en mev. Du Plessis van Turffontein, maak hiermee bekend dat ons op 15 Desember verloof geraak het.

## HUWELIK

VAN ROOY-KOTZE. — Mnr. en mev. H. F. Kotzé van Reddersburg maak bekend dat hul oudste dogter Sientjie in die huwelik tree met Bertus, oudste seun van Prof. en mev. D. J. van Rooy van Potchefstroom, D.V. op Dinsdag, 8 Januarie 1946 om 3 nm. in die Gereformeerde Kerk, Reddersburg.

## DOODBERIG

WARRICK. — Sag heengegaan op 12 Desember, in Woodstock-hospitaal, ons geliefde klein Callie, slegs 4 maande oud. Vellyk in Jesus se arme. — Die bedraeefde Ouers, Susters en Broers, Goodwoodstraat 3, Goodwood.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasië. — S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK (Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND Poons 5-420 en 5-2823 — Poens 2.

## IN MEMORIAM

SMITH. — Weer bring dit ons terug by die dag van 24 Desember 1943 toe ons moes afskeid neem van ons liefling seuntjie en boetie Hennie. — Sy verlangende Pappie, Mammie, Hettie en Maria.

SMITH. — In liefdevolle herinneringe aan ons vriendjie Hennie, heen-gegaan op 24 Desember 1943.

Die dood gaan wonde  
Wat niemand kan heil.  
Herinneringe is skatte  
Wat niemand kan steel.

— Oom en Tannie Junghans.

SMITH. — Ons dink terug aan die smartvolle verlies wat ons geby het deur die skielike heengaan van so'n jonge leeftyd van ons getroue en alom-beminde orkesmaatjie en jonge vriend Hennie. — Komdt. S. J. Swanepoel en lede van die Kaapstadse Blaaskorke.

MOCKE. — Ter liefdevolle nagedagtenis van Christian Mocke (Klep), heen-gegaan op 4 Januarie 1945. Hy het homself opgeoffer vir die Ossewabrandwag en met albei hande gegee aan sy medemense. So baie mens het hom liefgehad. — Beaufort-Wes.

## PERSONLIK

HANDELSREISIGER. — Sal graag jou ware wil sten maar nie eers koop nie. Versigtig, want laasjaar het ek my byna vasekoop. My klandissie sal jou vel hier looi. Verder op en wakker. — MAAT (Eiens.) Bpk.

Die BOEREVROU wens alle ondersteuners in Gelukkige Kersfees en 'n gesende Nuwejaar toe. Mag God die duisende gevalle, wie hulle gesondheid in die afgelope jaar terug gewin het, deur die gebruik van die Boerevrou se Kruisbehandellings, blywende gesondheid skenk.

Vertel u vriende dat alle kwale, hoe oud ook al, deur die Boerevrou se Kruisbehandlings genees kan word en dat die Boerevrou se Antigrys alle grisbare tot natuurlike kleur herstel.

Kom of skryf maar net aas: DIE BOEREVROU, Lawson Mansions 21, Lovedaystraat 74, Poens 7559, Johannesburg.

FOTOGRAFIE. — U herdenk graag u huwelik, verloving of verlang 'n goede foto van u self. Tref reedings met 'n eg-Afrikaanse onderneeming. — BERNARD ATELIÉE, Albertweg 151, Soutrivierv. Poens 755. Kaapstad. Foon 52861.

Moet nie Eensaam wees nie. Hondele Mettels en Kérels van 18 tot 60 jaar wil korrespondente hê! Stuur ge-frankeerde koevert om besonderhede aan: DIE POSDUIF KORRESPONDENSIEKLUB, Poens 5, Lothair.

MARKAGENTSAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK, Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Boemark.

VENNOOT. — Enigliemand wat belangstel in Diamant-spletry „Fissures“ kan met nominale kapitaal inkom as venoot. Vooruitstekend. Doe aansoek by: A. GROBBELAAR, P.K. Uico, oor Kimberley.

## BETREKKING VAKANT

BENODIG. — Bekwame werktuigkundige, moet swelswerk kan doen. Lulaards en knoeiers hoef nie aansoek te doen nie. Meld salaris verlang. Moet, indien moontlik, op 1 Januarie of eerder begin. Skryf of telegraaf aan: J. H. GOOWS, Sterham Garage, P.K., Groblershoof.

## TE HUUR

Bostonlandgoed, Bellville, 12 myl van Kaapstad, vanaf datum tot 25 Januarie. Skryf aan PANSEGROUW, Bellville of foon 97363.

## TE KOOP

AARTAPPELS EN AARTAPPELMOERE. — Nuwe seisoen se varens tafel-aartappels, 32/6 per sak. Ook Arran Chief-moere vir levering vanaf 15 Desember, 32/6. Irish Coblers-moere, gekweek van Goewerments-gesertifiseerde sand. Levering, einde Desember, 35/- per sak. Alleenlik K.M.B. Van J. W. FERREIRA, Goedehoop, P.K. Armans-vriend, oor Patensie-Stasie.

## TE KOOP

ANGELIERPLANTJIES. — Pragtige sterke Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflevering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

BOKWA. — Geskikk vir rowwe werk, briek en dissaalboom swak, wiele onlangs gekry is maar droog.

SAMSON-WINDPOMPPIKOP. — 12 voet oop, wiel en ster komplete, twee skippera maker.

SKAAPHONDJIES. — Nog net vier tefies, te lever na 10 Januarie. Ouers baie flukse werkers. Aansoek by: F. H. DUVENHAGE, Posbus 59, Steynsburg.

EEN LISTER PETROL-ENJIN, 7 p.k. Op wiele. Prys £95. Te staan by A. P. STEYN, Waterkloof, P.K. Fligrrove.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/-; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 18/-; Baarslaai 22/-; Little Gem Skorsier 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Ruap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Knapsie Plat 10/-; „Silver King“ 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfpond. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanhoeek, Oudtshoorn.

HEUNING. — Bestel suiver heuning. Kissie met 1 dosyn 1 lb. bottels, 25/6. Twee dosyn, 50/-, v.o.s. Levubu. Kissie en bottel kan terug gestuur word teen 2½d. per bottel en 9d. en 1/- per kissie. — Mev. D. POTGIETER, P.K. Levubu, oor Louis Trichardt.

HONDE. — Rasegte Skaphondje. Intelligent, waaksam, baie fyn en gehoorbaar. Geen blaffers. Ouers almal onoorbaar by skape. Tewe £2-10-0 en £3-10-0 stuk. Reuns £5 stuk. Pare £7. Aflevering 6 weke en ouer. Gelew Carnarvon-stasie. — JAN A. G. JA-COBS, Kaikkullen, Carnarvon.

HONDJIES. — Pragtige Rhodesiese rifrug leeu-hondjies (Ridgeback), gebore 2/11/45; geregistreer, met uitstekende geslagsbaan, Brabant bloedlyn, goeie gehalte jag- en waghond. Geen vreemde indringer sal wang waar 'n leeu-hond op wag is nie. Koop van hulle en beveilig self. Reunies £8 8s., en tefies £5 5s. Hokke terug. K. KEMP VORSTER, „L'Ideal“, Motkop, K.P.

HOUT. — Grofgesaaide S.-Afrikaanse dennehout: Insignus. Lengtes van ses tot sesien voet. 2 x 3 @ 4d., 1½ x 4½ @ 4½d., 1½ x 6 @ 6d. per lopende voet. Onmiddellike aflevering te George-stasie. Ander mate en lengtes op aanvraag. — J. F. MEYER, Blanco.

JUKKE. — 5/- elk. Swingels 4/6 stel. K.M.B. Doe aansoek: H. GER-BER, Bus 127, George.

MEUBELS. — Swierge en duursame Tamboer- en Klaas-Meubels, regstreeks van ANDRIES MARÉE se Meubelware, teen streng fabrieksprys. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWIN-KEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie“. Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogus tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victorlaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde diens en te-vredenhed kry. — PETRA-MEUBELS BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Poens 1256. Foon 2-0194.

PERDE. — Een eersteklas swart baster Vlaamse Reunperd, mak in kaar en onder die man; mooi aksie; sewe jaar oud. Prys £28. Een eersteklas swartbruin ryperd, baster reisies met boermie. Drie jaar oud, loop lang en sal baie netjies ry. Prys £30 of naaste offer. Albei gelewer op Libertas-stasie. — D. J. J. M. HUMAN, Mieliebult, Libertas, O.V.S.

ROOKPYPE. — S.A. rookpype van waboomhout teen 20/- per dos. Nie minder as twee dos. Kontant met bestelling van: P. J. BARNARDT, Uniondale.

SKAAPHOND. — Goedgeleerde en gevilde Kelpie Collie-reun. Goed in veld en kraal. Goeie teelhond, jonk. Besigtiging as werk word verwelkom. Gaan in vir geregtigheid Collies teen £10. JAN HAARHOFF, Bus 115, Graaff-Reinet.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenhed gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florishad Soutwerke.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Speciale A1 59/-; Sneeuwit No. 1 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER. Possak Arbeidsloen, Bloemfontein.

STOOL-ENJIN. — Ransomes Simms & Jefferies, 6-8 p.k. op wiele. In goele werkende orde. Deur inspekteur getoets. Winskoop teen £75 gelewer op. — A. MARÉE, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Foon 136.

SPINWIEL. — Splinternuwe spinwiel met wolvinder. Neder-maak. Prys £5. — Skryf aan: M. G. F. Fransulstig, Edenville.

## TE KOOP

## Kers= en Fluwe= jaarswense

PERSKOR. — Die Direksie en amptenare van Pers-Beleggingskorporasie Bpk. wens hiermee al sy aandeelhouers, ondersteuners en vriende 'n aangevende Kersfees en 'n Nuwe Jaar.

VOORSLAG (EDMS.) BPK. — Die Direksie en personeel van Voorslag (Edms.) Bpk. wens alle offisiere, brandwagte en ander getrouw ondersteuners van „DIE O.B.“, en ook die adverteerders in ons blad, 'n baie gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Wat die komende jaar betrek, roep ons u almal toe: TOT U DIENS!

Aan ons kliënte word hiermee ons beste wense oorgebring vir 'n gesende Kersfees en Gelukkige Nuwe Jaar vir die K.G. en A.K.G. en alle O.B.-vriende. Van Mnr. en Mev. G. DE VILLIERS.

Die PAPENDORP VROUW-KOMMANDO wens hiermee die K.G., die A.K.G., die staf van ons Gebieds-hoofkwartier, alle Senior-offisiere en ook al die ander Kommando's 'n gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar.

Die ORGANISASIE-HOOFKWARTIER wens alle lede en vriende van die Ossewabrandwag 'n gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Genl. en Mev. J. DE VOS, van Seepunt, wens al hul vriende 'n gesende Kersfees en voorspoed in die Nuwe Jaar.

PIEK. — Mnr. en Mev. J. J. PIK en twee seuns, van Kaapstad, wens al hul vriende 'n baie gesende Kersfees en voorspoed en geluk in die Nuwe Jaar toe.

Alas wens alle Offisiere van die K.G. en alle Brandwagte van die Ossewabrandwag 'n gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar.

'n gesende Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwe Jaar

DIE KOPERSBOND BPK. Keeromstraat 52, Kaapstad.

## 'n Geseende Kersfees en

## Voorspoedige Nuwe Jaar

word ons vriende en ondersteuners toegewens deur INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Kaapstad.

Ons wens ook daarvan te herinner dat ons kantore vanaf 22 Des. tot en met 6 Jan. gesluit sal wees.

Met beste Kersfees- en Nuwejaarswense en vriendelike groete van Komdt. en Komde, SCHOLTZ aan die Brandwagte van die Loxton-Kommando's.

Kommmandante BASSON van Stellenbosch wens haar mede-Brandwagte 'n gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

JAN RICHTER. — 'n Gelukkige Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar is die wense van Pappie, Mamie en Adrie.

In 'n gesende Kersfees en Nuwe Jaar aan alle O.B.-wagte en jeugoffisiere, Brandwagte en vriende. — Wag-gen en Adrie.

Hiermee wens ons, die K.G., A.K.G., en alle ander offisiere en Brandwagte 'n baie gesende Kersfees en gelukkige Nuwe Jaar toe. Weens drukke omstandighede vind ons dit onmoontlik om vanjaar kaartjies uit te stuur. — Genl. en Mev. J. W. MEYER.

MATTHYSSEN. — Mev. en Hfkomdt. Jahan A. Matthysen van Potgietersrust (voordien Pretoria), wens alle O.B.-Offisiere, Brandwagte en ander Afrikaners ryke selninge, vrede, geluk, voorspoed en sterke met Kersfees en die Nuwe Jaar.

Aan al ons vriende en volksgenote ons hartlike gelukwense vir Kersfees en die Nuwe Jaar.

Want kyk, ek bring julle 'n goede tyding van groot blydsak wat vir die hele volk sal wees."

OUMA IMMELMAN en haar kinders, Veldkornet en Komde, Theron-Sutherland.

Hfkomdt. en mev. W. R. LAUB-SCHER, Stellenbosch, wens alle O.B.-vriende en vriende 'n baie gesende Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.

In 'n gesende Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar word ons K.G. toegewens asook ons A.K.G., Hooftrekkers, Generaal, Hoofkantoor, Hoofkantoor, en ook die lede van ons Kommando's en alle lede van die O.B. Gods rykste selning word u toegebied. — Die MANNE-EN VROUKEKOMMANDO'S, Wes-Gamka-Beaufort-Wes.

Met die hartewens vir 'n gelukkige Kersfees en 'n gesende Nuwe Jaar vir almal. Die toekoms hou in hom die verwesenliking van die O.R.-ideal. — Komdt. P. A. J. VAN DYK, Napier.

Ds. en Mev. GROBLER van Ermelo wens aan al hul vriende 'n gesende Feestyd toe en 'n voorspoedige jaar.

„Voed het oud vertrouwen weder; Zoek in 's Hoogste lof u lust; Mengewer heeft HIJ uw' druk Doen verand'ren in geluk.

Hoop op Hem, sla 't oog naa boven; Ik zal God, mijn God, nog looven."

Die VROUW-KOMMANDO, PAARL, wens die K.G., A.K.G. asook alle ander Offisiere en Brandwagte 'n gesende Kersfees en 'n Nuwe Jaar van voorspoed en geluk toe.


„Die stryd wat ons vaders begin het, Sal wod tot ons sterf of oorwin het."

Gesende Kersfees en Nuwe Jaar vir die Ossewabrandwag.

Salig die wat in hul wand

# Die Boere Jeug

DIE AMPTELIKE ORGAAN



AMPTELIKE


ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN 19 DESEMBER 1945.

## Jopie Fourie So Het Hy Gesterf!

„Hulle moet my tog nie in die gesig skiet nie. Ek het 'n groot Afrikanerhart, daar is genoeg plek om my te skiet.”

Die Boerejeug mag mōre nie laat verbygaan sonder om terug te dink aan die onvergeetlike treurspel wat homself presies 31 jaar gelede op 20 Desember, 5 v.m., in die tronk op Pretoria afgespeel het nie. Daarom het ons uit die gewens verstrek deur Jacoba van Dyk en Lukas M. Janse van Vuuren in hul skeurkalenderbydracs asook uit die boek van G. Jordaan: „So het hulle gesterf!” die onderstaande feite i.v.m. Jopie Fourie se strewe en sterwe saamgestel.



Joseph Johannes Fourie is in die Transvaal onder die Republiekse vlag gebore en as sodanig het hy sy land teen die aanvallers verdedig totdat hy gewond gevange geneem is. In die jare wat gevolg het, het die onreg wat die Afrikaner aan die hand van die oorwinnaar moes ly, 'n onvergeetlike indruk op hom gemaak.

In 1914 het hy dan ook nie geaarsel om die stryd teen die vyand te hervat nie en in hierdie verband vertel Jacoba van Dyk 'n interessante voorval:

### „OP MET DIE VIERKLEUR”

„My Pappie vertel van 'n geveg by die Sondagrivier waar

hy saam met die Kommandant geveg het. Ongelukkig is die grootste verraad gepleeg. Generals Jack Pienaar en Piet Grobler moes stelling innem

met die burgers en Jopie sou die vyand inlei. Van veraf kon

hulle hom hoor sing: „Op met die Vierkleur” en hulle hoor ook

al die eerste skote val. Maar wat gebeur toe! Die bevel word

gegee dat die burgers moet

vlug en die uappere Jopie word

alleen agtergelaat. Twee bu

rgers het op hul poste gebly en

dit het nie lank geduur nie of

hulle sien komdt. Fourie se blou

perd aangehardloop kom sonder

ruiter. Hulle het die perd voor-

gekeer en toe kom Jopie aan-

gehardloop met die vyand kort

op sy hakke. Toe hy van die

verraad verneem, was hy woed-

end en het nog dieselfde dag

met sy 50 verdedigingsuns na

'n ander plek verdwyn. Die

voorval het omtrent twee weke

voor hy gevang is, plaasge-

vind.”

Tydens sy verhoor is aan

hom die geleentheid gegee om

iets te sê. In 'n roerende rede

het hy sy motiewe helder uit-

cengesit en gee ons hier net

enkele aanhaling:

### ROERENDE REDE

„Toe daar 'n tyd gelede sprake van 'n oorlog in Duits-Suid-

wes was, was ek een van die

personne wat . . . daar tog op

teen was, want ek kon nie sien

waarom ons regering 'n oorlog

sou verklaar teen Duitsland,

wat ons nooit enige kwaad ge-

doen het nie. Ek kon nie sien

waarom ons jong Afrikaners

sou veg om die eer van Engeland hoog te hou nie. As ons

dink aan die Slagtersnekmoord,

aan Bloedrivier in Natal en die

moord op ons mense op Piet

Retief deur kaffers onder aan-

voering van Engelse offisiere,

as ek dink aan die 30,000 vroue

en kinders wat vermoor is, sien

ek nie waarom ek Engeland se

eer sou ophou nie en ek daag

enige man uit om met die vin-

ger op my te wys en te sê: Jy

het 'n fout gemaak!”

„10 Oktober 11. het ek na 'n

konsert in die Opera-gebou ge-

gaan, wat gegee is ter gedag-

tenis aan ons geagte president

Kruger op sy verjaardag. In

plaas van om musiek en toes-

sprake oor die lewe van presi-

dent Kruger te hoor, het ek

daar vuil skelwoorde gehoor, en

terwyl 'n openingsgebed deur

nominé gedoen is, is 'n Rule

Britannia' met stokken in ons

kele afgedruk en is die damos

op die platform met vrot eiers

bestook. As dit Britse gelyk-

heid is, dan wil ek daar nie

onder lewe nie, dan is dit 'n

groter eer vir my om as prisoi-

ner hier te staan dan om 'n

offisier in die Engelse leer te

wees.”

### VRA GEEN GENADE

Adv. Van Hees wat komdt.

Fourie verdedig het, het die hof

daarop gewys dat komdt. Fou-

rie nie om genade gevra het nie. In elke land sal daar mense soos hy wees wat nasionale va-

derlands liefde bo alle voorregte

van die oorwinnaar sal stel.

Onderwyd die hof die doods-

vonnis oorweeg het, is verskeie

petisies waarin gevra word dat

die vonnis nie voltrek sal word

nie, onderteken en is op elke

moontlike manier probeer om

dit voor genl. J. C. Smuts te lê.

Elke poging het misluk.

Eindelik is hy oor die telefoon

gekry en het hy toegestem dat

die deputasie hom Sondagmōre

10 uur kon kom spreek. Son-

dagmōre was dit te laat. Die

vonnis is reeds 5-uur daardie

oggend voltrek. Sou ons edel-

agbare Generaal dan nie van

die tyd van die teregstelling

bewus gewees het toe hy die

ontmoetingsuur bepaal het nie?

Sy laaste nag het Jopie Fourie

met skrywe en gebed deur-

gebring sodat hy die volgende

mōre kalm en bedaard die ewig-

heid kon ingaan. Met vaste

stem het hy gesing:

„Als wij de doodsvallei betreën

Laat ons elk aardse vriend al-

leen.”

„n Sarsie skote het die laaste

woorde uitgedoof en Jopie Fourie was daar nie meer nie.

Mag die Boerejeug nooit sy

laaste boodskap aan ons, die

nageslag, vergeet nie:—

„Getroue Afrikaner-vriende en -vriendinne, by die tyd dat

julle hierdie skrywe ontvang, is

Jopie by sy hemelse Vader. . .

Ek bedank u almal baie vir die

boom wat geplant is en met my

bloed benat word, dit sal tot

'n groot boom groei en heerlike

vrugte dra. Wees getrou aan

juul volk, aan juul tradisies, aan

juul godsdiens en aan juul God.

Die Here sal julle lei en julle

die weg aanwys waarheen julle

moet gaan. Skrywe hierdie

woorde op my grafsteen:

VIR GOD EN VADERLAND.”

sterretjies styf vas. Toe die boompie in die kleipot geplant is, begin hulle om die sterretjies en klokkies daaraan vas te maak. Dit moes natuurlik alles saggies gedoen word. Die boompie het al net pragtig begin lyk met al die blink sterretjies tussen die groen blaartjies en die gougeel klossies. Maar het hulle nie met die klokkies ge-

## Amptelike Kennisgewings

(DEUR DIE JEUGLEIER.)

Die volgende Boerejeug-opleidingslaer word onder die aandag van offisiere en brandwagte gebring:

**GEBIEDE C, D, E, F.** — Vanaf 3 tot 14 Januarie 1946 op die feesterrein te Amajuba. Hierdie laertrek word in twee gedeel: Offisiere vanaf 3 tot 6 Januarie en offisiere en brandwagte vanaf 7 tot 14 Januarie 1946. (Boerejeugbevel 10/45).

Kinders wat saam met offisiere moet reis sal reeds op 3 Januarie 1946 in die laer toegelaat word.

By hierdie sametrekking sal spesiale opleiding in verband met Boerejeug-aktiwiteite aan laergangers gegee word. Nadere besonderhede kan van die plaaslike jeugoffisiere of Gebiedskantore verkry word.

(N.S.—In die uitgawe van „Die Boerejeug“ van 5 Desember is die datum van hierdie laer per abuis as beginnende op 4 Januarie 1946 aangegee.)


## Ons Verhaal

### DIE KERSBOOM

(Deur R. HUGO)

(Vervolg van Die Boerejeug van 5 Desember)

By die ou was-aia het hulle 'n kleipot geleen wat toe vol grond ook daar weggesteek is. Toe Mammie en Pappie opstaan na hulle middagslapie, het die drie oudjies dood-onskuldig onder die wildevyeboom gesit en speel.



O tyd! gou onder die tafel!

Ewe soet het die kinders die aand gaan slaap. Maar moenie glo dat hulle regtig geslaap het nie! Hulle het gewag totdat Mammie en Pappie lankal geslaap het en toe saggies en versigtig opgestaan. Met groot gesukkel het hulle weer die droingboompie onder die bed uitgehaal en eetkamer-toe gedra.

„Ag,” steun Rita, „die kleipot is só swaar!” Boetie is nog heeltemal deur die slaap maar hy hou die doos met silwer

(Vervolg op bls. 2, kol.

# Veldm. Smuts Het Misdadegolf Verwag

Daar is geen rede om paniekerig te raak oor die misdadegolf nie, het veldm. J. C. Smuts aan 'n vroueafvaardiging verklaar. Die misdadegolf moes 'n mens na die oorlog verwag het. Dit volg altyd op oorlog. Hy meen dat die misdadegolf in ander lande veel erger is as in Suid-Afrika.

Nietemin is die regering voornemens om ferm op te tree teen die misdadegolf en een van die stappe wat gedoen word is om die getalle van sowel die blanke as die nie-blanke polisie uit te brei.

Oor die kwessie van leegloper-naturelle en die instroming van naturelle uit die reserves het die eerste minister verklaar dat dit in die hande van die stadsrade is. Hy weet nie of sommige stadsrade nie gebruik maak van hul magte nie. Hy kan daar egter niets aan doen nie en hy is ook nie bereid om druk uit te oefen nie.

Die Eerste Minister het verklaar dat hy saamstem dat swaarder strawwe in sommige gevalle behoort opgelê te word, en het toegegee dat daar veel te sê is vir hoér salaris vir die polisie.

Amptelike syfers wat deur die polisie op Marshall-plein verstrekk is van die aantal moorde wat in die afgelope paar maande aan die Witwatersrand (met inbegrip van Vereeniging) aangemeld is, is soos volg: September 26, Oktober 29, November 35.

Hierdie syfers sluit in sterfgevalle wat plaasgevind het na bakleierye, rusies of drinkerye.

Die inwoners van die Johannesburgse voorstede Malvern en Belgravia het op 'n vergadering besluit tot die stigting van 'n vrywillige beskermingskorps wat die strate van die twee voorstede sal patroolleer.

Op 'n protesvergadering teen die misdadegolf wat in Pretoria gehou is, het mev. (prof.) E. P. Groenewald verklaar:

"Dis hoogs bevredigend dat ons vandag van die naturel 'n vyandigheid ontvang wat in

vreeslike vorme uiting vind. Ons staan voor die vrae: Wie het die naturel geleer om die blanke tot moordens-toe te haat? Wie het by hom denkheide vasgelê dat hy die gelyke is van die blanke? Wie het hom wysgemaak dat die blanke sy bestaansmoontlikhede beroof? Wie is dit wat die naturel 'n paleis wil aanbied nog voordat by die hut ontgroei het? Wie het hom van sy gewete en rede beroof?"


Haar antwoord was:

"Dit is hulle wat die naturel nodig het as springstof ... om die rewolusie te verwek wat hulle in elke land deurgevoer wil hé — die klasse-rewolusie van die Boljewisme."

#### RASSE-OPSTOOTJIES

"Die verhouding tussen blank en nie-blank was nog nooit slegter as tans nie", verklaar die Kaapstadse kommunistiese blaadjie Guardian in vet letters. Die blaadjie wyt dit aan die agitasie wat ontstaan het as gevolg van die huidige misdadegolf. Verder verklaar die blaadjie dat „bevoegde waarnemers" die mening hulg dat „rasse-opstootjies" onvermydelik is as die bestaande situasie toegelaat word om te ontwikkel.

Hierdie kommunistiese blad neem ook die koerante wat hul lesers se aandag pertinent by die huidige misdadegolf bepaal, baie kwalik.



'n Deel van die reuse-stoet wat in gelid die laaste eer bewys het aan wyle jeugveldkt. Killie Theron wat op Franschhoek aan sy hart beswyk het onderwyl hy geswem het. Op die foto is 'n deel van die Boerejeug-erewag te sien met die O.B.-wag en 'n groep O.B.-vroue. In die voorgrond staan genl. J. A. Smith saam met offisiere van die wag.



Die erewag by die graf van wyle Killie Theron nadat 'n groot aantal kranse geleë is. 'n O.B.-vlag en sy skouerlint is saam met die kis neergelaat.

## Swaar Vonnisse Ook Doodstraf — Sé Minister


## TERUG NA WARE CHRISTENDOM

Ds. Stander

Hoofgenl. ds. S. J. Stander, voorstander van die Grootraad, skryf:

Andermaal nader Kersfees en Nuwejaar: 'n Tyd van slagting, verwoesting, vervolging, haat, nyd, twis en venyn, soos aan die geskiedenis onbekend, het goddank tot 'n mate van afkoeling en bedaring gekom. Verby is dit, helaas, hoegegaan nie.

Dit het van front en metode wel verander maar duur, helaas, in ander vorm nog voort. Nou is dit afrekening met andersvoelende en -denkende, asof 'n klein klompie toevalige maghebbers die monopolie van sen-



de, ingevoerde, Britse partystelsel en terugvoer na die Bybelse standpunt van geen party maar volk in sy geheel en na die Christelike beginsel van broeder- en hoederskap, het weens onkunde, misverstand en wanvoorstelling deur liefhebbers van die Britse toestelsel ons deel gehad aan haat, nyd en vervolging.

Van bo is ons gesterk om die moed nie op te gee nie, maar te volhard. Herinner u die geskiedenis van alles wat goed en reg is en u sal sien dit het maar altyd swaar gegaan om wat goed en reg is in die wêreld vol sonde en ongeregtigheid te laat ingang vind maar in die bloed van martelare en op die as van selfopoffering het dit tog gegroei en gebloei totdat dit die sege bereik het.

Laat die volharding van Voortrekkers u inspireer en die offerande van Christus u sterkte, troos en besieling wees.

Met God oor 'n muur, elke muur, en deur 'n bende, elke bende, in die toekoms!

Geseende Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.

#### MINISTER SE VERKLARING

Sapa berig uit Pretoria dat mnr. Harry Lawrence, Minister van Justisie, aldaar verklaar het dat alle geweldpleging, met inbegrip van gewelddade waarin gevaelike wapens gebruik word, voortaan deur 'n regter sonder 'n jurie verhoor sal word, en in gevalle van skreiende aanranding kan die doodstraf opgelê word. Die vonnis vir enige gewelddaad sal minstens vyf jaar dwangarbeid wees.

Minister Lawrence het gesê dat noodregulasies aanstaande week geproklameer sal word in verband met die instelling van spesiale howe om al sulke sake te verhoor. Hy het voorts gesê dat die regering besluit het om deur middel van 'n werwingsveldtog die polisiemag doeltreffend uit te brei en om hul salarisskale en kanse op bevordering grootliks te verhoog.

U en ek wat gestaan het vir die leuse: 'My God, my Volk, my land, Suid-Afrika, wat ons volk wou bevry van die vreem-

heit' moet ons nuwe begin maak. Die leuse is 'n belangrike deel van ons geskiedenis en ons moet dit nie vergete nie. Die leuse is 'n belangrike deel van ons geskiedenis en ons moet dit nie vergete nie.

**Geleentheid vir GEKWALIFISEERDE Manne**

**Die Voorpos**

HONDERDE GEKWALIFISEERDE MANNE DADELIK BENODIG VIR ONTWIKKELINGSKEMAS

Manne wat nog ooit in Suid-Afrika aan iemand aangebied is — opleiding onder deskundige leiding van vollydse en deeltydse lektore van die T.A.K.K. — Afrika se grootste en suksesvolste korrespondensiekolleges. Honderde studente van T.A.K.K. beklee reeds invloedryke en goed besoldigde betrekings. U kan in hulle sukses deel as u NOU handel.

Wat doen U daaromtrent? U wil nie Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir Toekomsplanne.

**TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES**

Departement O.B., Bus 640, PRETORIA.

waarby ingelyf is Universiteits-korrespondensiekursusse (Edms) Bpk, Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensiekollege, T.O., Johannesburg.



0012-1

Die Volksfront is daar . . . Die behoeftie is daar . . . Die geleentheid is daar . . . Is u daar?